Maandag **2 Desember**

**Skrifgedeelte: Johannes 10:7-21**

**Fokusgedeelte: Johannes 10:10 (AFR53)**

**Ons Here Jesus Christus lê sy lewe vir jou af!**

Besef jy watter goeie/uitnemende Herder ons het? Hy is so lief vir jou dat Hy met vrymoedigheid en bereidwilligheid nie skroom om sy lewe vir jou af te lê nie. Hy dink nie twee keer daaroor nie. Hy doen dit, want Hy weet uit onsself sal ons wees soos weerlose skape wat nie hulleself kan verdedig teen roofdiere nie. Ons sal onsself ook nie kan red uit die sonde nie. Dit is waarom ons Here Jesus Christus dit met die groter plan van sy Vader doen, want sy Vader het Hom opdrag gegee (vs 18b). En Hy wil self ons beskerm en red (vs 18a), want die huurlinge wat aangestel word om ons op te pas, hardloop vinnig weg as daar gevaar op voorgrond is. Hulle beskerm en red eerder hulle eie lewe as die lewe van die skape, wanneer die wolf kom om die skape te vang en uit mekaar te jaag.

Tog verdien ons nie hierdie genade van die Here nie. Hy het nie nodig gehad om sy lewe vir ons af te lê nie, want daar is niks wat ons kan doen of sê om dit te verdien nie. Inteendeel moes ons eerder deur die Here gestraf word vir ons sondes. As uitnemende Herder kom red Hy ons wat in sonde geval en verlore geraak het, sodat ons nie die ewige dood tegemoet sal gaan nie, maar die ewige lewe.

Nie almal kry egter hierdie verlossing nie. Slegs die uitverkore skape/kinders van die Here, wat in ons Here Jesus glo (vs 26). Ons as gelowiges wat glo in ons Here Jesus Christus, sy stem ken, Hom liefhet, vertrou en gehoorsaam, is deel van sy kudde. Hy is ons uitnemende Herder en ons leef uit dankbaarheid vir Hom met ons hele lewe.

*Sing: Psalm 23-1:3*

*Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)*